

BabaGim se daaglikse massering is die antwoord

Charlene Griessel

Lindsay Charlotte Griessel is met 'n noodkeiser die 11de Desember 2012, op 37 ½ weke gebore. Sy was vreeslik rustig en het maklik geslaap, maar het taamlik gesukkel om te suig wanneer ek haar geborsvoed het. Sy het vir die eerste 3 weke haar beentjies baie opgetrek en onder haar lyfie ingevou, soortgelyk aan die in utero posisie.

Kort daarna het dinge egter verander, Lindsay het vreeslik pyn ervaar tydens en na etes. Die dokter het haar met Koliek gediagnoseer, wat volgens hom self teen omtrent 3-4 maande sou opklaar. Dit was 'n rowwe tyd, arme Lindsay het baie swaar gekry en baie gehuil. Die voorgeskrewe medikasie het net effense verligting gebring, maar kon nooit die probleem oplos of die pyn heeltemal weg neem nie. Die simptome het ongelukkig nie verbeter nie. Wanneer sy so seer gehad het, het sy haar hele lyfie styf getrek met haar ruggie krom na agter, arms wyd oopgesprei en stok styf. Iets omtrent die stywe lyf spasmas en die seer het vir my gesê Lindsay se ontwikkeling word belemmer. Die dokter het met 'n opvolg besoek haar met GERD Reflux (gastro-oesophageal reflux disease) gediagnoseer en kroniese medikasie voorgeskryf. Ek het na 'n tydperk van omtrent 2 maande gesien dat die medikasie wel verligting bring maar dat haar lyfie nog baie styf en ongemaklik was. Toe was Lindsay nou al 5 maande oud.

Ek het by BabaGim (in Tzaneen) uit desperaatheid aangesluit en nie regtig geweet wat om te verwag nie. Ons het met die masseering begin en ek was so hoopvol. Binne 2 weke kon ons reeds 'n verskil in Lindsay se postuur sien. Maar as 'n mamma (in haar oorlewingsbrein a.g.v. moegheid ens.) was dit regtig moeilik om met die masseering vol te hou en op daardie stadium het ek nie besef hoeveel herhaling nodig is, voordat die spiere ontspan en die brein die nodige breinpaadjies bou nie.

Ek het definitief geglo dat BabaGim werk maar nog nie verstaan hoe Lindsay se ongemak en BabaGim se massering en al die oefeninge saam pas nie. 'n Paar maande daarna het ek toe die wonderlike geleentheid gekry om die BabaGim Instruktorsopleiding by Dr. Melodie de Jager by te woon om sodoende 'n BabaGim Instrukteur te word. Soos die spreekwoord lees: "The penny dropped" en ek het besef dat ek as mamma nie genoeg BabaGim by die huis gedoen het, om al 5 weke se voordele te sien nie.

Na die Instruktorsopleiding was die massering en BabaGim oefeninge daaglik 'n groot prioriteit. Lindsay en haar Pappa, Kenneth, het ook die 5 weke BabaGim 2: Ferm Grondslag-program bygewoon sodat Pappa ook kon help met die daaglikse massering.

Danksy vasbyt en deur-druk sien ons fantastiese resultate! Lindsay is weer die rustige en vriendelike baba vantevore. Haar suig refleks het verbeter, haar lyfie het ook leer ontspan en sy het al haar mylpale in volgorde bereik! Lindsay is steeds op die voorgeskrewe medikasie, maar ek glo dat BabaGim die grootste verskil gemaak het.

Lindsay is nou een jaar oud en sy kruip en "cruise" die hele huis vol! My raad aan mamas is: byt vas en druk deur. HERHALING, HERHALING, HERHALING! Soek geleenthede om die massering en oefeninge deur die loop van die dag tot dag bedrywigheids in te pas. **BabaGim IS die antwoord, belê in jou baba se ontwikkeling en toekoms!**

